

PRODUKSIE-AANVULLINGS

VOERMOL SUPERMOL

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Energie-aanvulling vir Herkouers

VOERMOL SUPERMOL is 'n proteïen-energie-minerale-aanvulling vir herkouers op groen veldweiding:

- voorsien energie en proteïen omdat dié voedingstowwe ontbreek op groen veldweiding asook in sekere onbemeste aangeplante weidings;
- voorsien fosfor en spoorminerale, die eerste beperkende voedingstowwe in groen weiding;
- verseker voldoende inname aangesien dit melassegebaseer is en dus smaaklik is;
- is nie stowwerig nie en sal nie deur die wind weggewaai word nie;
- bevat medikamente wat die energiebenutting van groen veldweiding of onbemeste aangeplante weiding bevorder. Dit help ook om ketose, domsiekte en koksidiöse teen te werk, asook om aborsies by Angora-ooie te voorkom.



SAMESTELLING VAN VOERMOL SUPERMOL

REG NR V7267 (Wet 36/1947)

(g/kg)		(mg/kg)	
Ruproteïen* (min)	200	Mangaan	240
Ureum (maks)	38	Koper	80
Ruvesel (maks)	100	Kobalt	1
Vog (maks)	160	Yster	75
Kalsium (min/maks)	8/12	Jodium	5
Fosfor (min)	6	Sink	350
Magnesium (min)	6	Selenium	1
Swael (min)	3.5	Energie beraam (MJ ME/kg)	9
*60.5 % afkomstig vanaf NPN		Bevat medikamente	

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voer in lekbakke. Inname kan tot die gewenste vlak beheer word deur 10 % sout in te meng. Voer aan weidende diere op groen veldweiding of onbemeste aangeplante groenweiding.

AANBEVOLE INNAME

(g/dier/dag)

Beeste: 1 000 – 1 200
Skape: 180 – 200



VOERMOL

Indien veldkwaliteit verswak, meng die volgende mengsel en voer teen 2.4 kg/bees/dag en 400 g/skaap/dag.

Mengsel		(kg)
Voermol Supermol		50
Gemaalde grane/Hominy Chop		50
Totaal		100
SAMESTELLING VAN MENGSEL		(g/kg)
Ruproteïen*	(min)	115
Ureum	(maks)	15
Vog	(maks)	140
Kalsium	(maks)	4
Fosfor	(min)	4
Energie beraam (MJ ME/kg)		10.5
*37.4 % afkomstig vanaf NPN		

L.W. Voermol Supermol bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie.



UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL